

SONDAG 31 AUG 2003
 NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
 OGGENDDIENS

LITURGIE: 1e diens

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
	Voorsang		
Liturg	Welkom & groet		
Liturg	Gebed		
Liturg	Oproep tot lof	Ps 19 - Openbaring van die Here 2 Dele: Openbaring in natuur (2-7) Openbaring in Woord (8-12) Hierdie week: hoogtepunte in openbaring Natuur: Mars naaste aan aarde Woord: 70 jaar in Afrikaans	
Hannes	Lof	LB205:1-3 "Ons lof aan die Skepper" (wals) (LB200:1-2 "U goedheid Heer") LB197:1-2 "Wonderbare Koning"	LB205:1-3 LB200:1-2 LB197:1-2
Liturg	Oproep tot aanbidding		
Hannes	Aanbidding	JG15:1-4 "Halleluha, U is Koning" LB231:1 + 3 "Heilig heilig heilig Here"	JG15:1-4 LB213: 1 + 3
Ouderling	Gebedslys		
		<u>Record aan</u>	<u>Klank: Record</u>
Hannes	Lied (gebed)	LB254 (2x) "Spreek Heer"	LB254 (2x)
Liturg	Skriflesing	Joh 14:15-26	Skrif
Liturg	Preek	As jy luister sal jy God hoor!	Skrif
Almal	Toewyding		
Liturg	Gebed		
		<u>Record af</u>	<u>Klank: Stop Record</u>
Diakens	Offergawe	Afkondings op bord	afkondig
Liturg	Afkondigings		"Afkondig"
Hannes	Lied	"Kom o Skeppergees"	skepper
Liturg	Seën		

LITURGIE 2e diens

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
Hannes & Kinder MG	Voorsang Aanbidding	Staan op en sê nou Luk 15 LB293:1-3 “Jesus neem ons kleine kinders” Hy laat die sterre skitter Prys die Here (vanuit die hemele) LB200:1-2 “U goedheid Heer kan ons nie peil nie” LB197:1-2 “Wonderbare Koning” LB214:1-3 “Here, ons sal U loof” JG15:1-4 “Halleluja, U is Koning”	staanop luk15 LB293:1-3 hylaar / sterre prysdie LB200:1-2 LB197:1-2 LB214:1-3 JG15:1-4
		<u>Record aan</u>	<u>Klank: Record</u>
Liturg	Gebed		
Hannes	Lied (Gebed)	LB254 (2x) “Spreek Heer”	LB254
Liturg	Skriflesing	Joh 14:15-26	Skrif
Liturg	Preek	As jy mooi luister, sal jy die Here hoor!	Skrif
Almal	Toewyding		
Liturg	Gebed		
		<u>Record af</u>	<u>Klank: Stop Record</u>
Diakens	Offergawe	Afkondings op bord	afkondig
Liturg	Afkondigings		“Afkondig”
Hannes	Lied	JR25:1-4 “Wees genadig Heer” Kom o Skeppergees	JR25:1-4 skepper
Liturg	Seën		

PREEKSKETS

Wie van julle weet wat is 'n biografie?

En wie weet wat is 'n outobiografie.

- Vertel iemand se hele lewensverhaal
- CNA: Klomb biografieë
 - Hansie Cronje
 - Nelson Mandela
 - FW De Klerk
 - Prinses Diana
- En die lekker van 'n biografie/outobiografie: As jy klaar 'n biografie gelees het, dan ken jy iemand se hele lewensverhaal.
- Weet alles / baie van sy lewe.
- MAAR jy kan nog nie die persoon nie.
 - Hoe hy lyk
 - Hoe dit is om by hom te wees
 - Hoe jy voel wanneer jy by hom is
 - Sy persoonlikheid.
 - Sy teenwoordigheid.
- Daar is net een manier om die persoon self te leer ken
 - Om hom persoonlik te ontmoet.
 - Om tyd saam met Hom deur te bring.

Ek kan 'n biografie van my pa lees.

Ek kan selfs sy outobiografie lees.

- Ek kan hoor hoe het sy lewe geloop.
- Ek kan hoor hoe dink hy oor dinge.
- Maar dit kan nooit sy plek vat nie.
- Want die biografie vertel van hom
- MAAR dit IS nie hy self nie.
- Die biografie is nie dieselfde as die persoon nie.

Ek kan nie vir elke kind wat sonder 'n pa grootgeword het...

- 'n biografie van sy pa skryf
- en op so manier die verlange na 'n pa wegvat nie.
- Om die waarheid te sê: Hoe meer jy die biografie lees...
- hoe meer verlang jy na die persoon.

Of neem 'n liefdesbrief.

- Dis lekker om 'n brief te kry.
- In die brief vertel my meisie vir my hoe sy oor my voel.
- Hoe lief sy vir my het.
- Hoe aantreklik ek vir haar is.
- En hoe graag sy met my wil trou
- En hoe sy pouses my dophou.
- En hoe haar hart "chocolates" klop as sy my sien.
- (Wie van julle het 'n liefdesbrief wat ek kan lees vir die mense)
- Ja, dis lekker om 'n brief te kry / hê.

Maar weet julle wat?

- Daai brief kan nooit my meisie se plek vat nie.
- Dit vertel my meer oor haar.
- En dis lekker om te lees.
- Maar dis nie sy nie.
- Om haar te ken / sien / vas te hou is baie lekkerder as wat 'n brief ooit kan beskryf.

En so is dit met die Bybel.

- Die Bybel is in 'n sekere sin 'n biografie van God.
- In 'n sekere sin 'n outobiografie oor God.
- In 'n sin is dit 'n liefdesbrief aan ons.
- En dis wonderlik om die Woord te lees.
 - Dis wonderlik om dit in Afrikaans te lees.
 - Dis wonderlik om dit te lees en te verstaan.
- Maar hierdie Woord is nie God self nie.

In die Bybel kan ek baie dinge van die Here leer.

- Ek kan leer oor hoe Hy geskep het.
- Hoe Hy met Abraham 'n verbond gesluit het.
- Hoe HY vir mense gesorg het.
- Hoeveel Hy omgee vir sondaarmense.
- Hoekom Hy Sy Seun gestuur het.
- Dat Hy 'n God van liefde is.
- Ens

Maar daar is iets anders wat nog oet gebeur.

- Nadat ek alles oor Hom gelees het.
- Want die Bybel bevat alles wat vir my nodig is om van Hom te weet.
- Is daar nog iets wat moet gebeur.
- Moet ek Hom nog persoonlik ontmoet.
 - Die Een van Wie ek gelees het.
- En dit is baie wonderliker as om net alles van Hom te weet.

Kan ek vir jou twee vrae vra:

- Vraag 1: Het jy al Sy Woord deurgelees sodat jy alles moontlik van Hom kan weet?
- Vraag 2: Het jy Hom al persoonlik ontmoet?
 - Die Een oor Wie jy gelees het.
 - Die Een van Wie jy in die sonagskool geleer het.
 - Die Een oor Wie jy in ds Solly se boeke gelees het.
 - Die Een oor Wie hulle altyd in die kerk praat.
- Het jy al die Een ontmoet oor Wie die boek gaan?

Kan ek vir julle 'n stukkie skokkende nuus vertel?

- Daar is baie mense wat alles oor God gelees het.
- Hulle weet alles van Hom wat hulle kan weet.
- Hulle ken die Woord.
- Maar hulle het nog nie vir God persoonlik ontmoet nie.

Van die beste Bybelnavorsers in die wêreld is heidene.

- Hulle ken elke letter van die Bybel.
- Hulle ken die teksverse uit hulle kop uit.
- Hulle kan die Hebreeus en die Grieks verstaan.
- Hulle kan ure lank redeneer oor God.
- Hulle kan redeneer oor die verskillende dope.
- Maar hulle het nog nooit vir God persoonlik ontmoet nie.
- Hulle het nog net Sy biografie gelees.
- Maar hulle het Hom nog nie persoonlik ontmoet nie.

Weet jy wat sê die Bybel.

- Die duiwels ken ook die Bybel.
- Hulle het ook die biografie gelees.
- Maar hulle het God nog nooit ontmoet nie.

In die Bybel was daar verskeie sulke mense. (Wat net die biografie geken het)

- Paulus het die Woord bestudeer.
- Hy was 'n Farriseer.
- Hy het die Bybel uit sy kop uit geken.
- En hy het gedink as jy die Bybel ken, ken jy outomaties vir God.
- Tot op 'n dag.
- Hy was oppad na Damaskus toe.
- Skielik het die Here met Hom gepraat.
- Dit was die eerste keer in sy lewe dat hy die Here se stem gehoor het.
- En toe het hy net daar neergeval op die grond.
- Tot op daardie dag het hy alles van die Here geweet.
- Maar daardie dag het Hy die Een ontmoet van Wie hy altyd net gelees het.
 - En dit het sy lewe verander.

Lees jy elke dag Bybel?

Ken jy die Bybel?

Het jy die Bybel al deurgelees?

Dis wonderlik.

Maar nou die tweede vraag.

- Het jy al die Een van Wie jy gelees het, persoonlik ontmoet?
- Het jy al ooit gehoor dat Hy met jou praat?
- Het jy al beleef dat Hy aan jou raak?

'N Blinde man kan alles van lig leer

- Die eienskappe van lig
- Die verskillende soorte lig
- Hoe lig breek.
- Hoe alles lyk as die lig daarop val.

Sonder dat hy ooit self die lig gesien het.

- Weet jy alles van God?
- Of ken jy Hom?

Luister wat sê Jesus in Joh 17:3

'En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.'

- Wat is die ewige lewe?
- Dat hulle die Bybel uit hulle kop uit ken?
- Dat hulle al die reëls en gebooie ken?
- Nee.
- Maar dit is die ewige lewe: dat hulle U ken - die enigste ware God.
- Wat is die kern van ons geloof?
- Dit is om Iemand (God) as Persoon te leer ken.
- Hoe kry 'n mens die ewige lewe?
 - Deur klomp dinge te weet?
 - Deur klomp reëls te hou?
- Nee, deur Iemand (God) persoonlik te leer ken.

Jesus sê in Joh 14:23

"As iemand My liefhet, sal hy My woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na Hom toe kom en by hom kom woon."

- As ek in die Here glo...
- en Hom liefhet...

- en die dinge doen wat Hy wil hê ek moet doen...
- Dan sal Hy na my toe kom - en by my kom woon.
- Is dit nie “amazing” nie.
 - God kom woon by my.
 - En as 2 persone by mekaar woon, leer hulle mekaar mos baie persoonlik ken.
 - Wie ken jou beter as die mense wat in jou huis woon?
 - Wie kan beter verstaan as die mense wat elke dag saam met jou lewe?
 - As iemand My liefhet, sal Ek by kom woon.
 - En hy sal My elke dag persoonlik sien.
 - En hy sal my elke dag ontmoet.

Joh 14:21

“Wie My opdragte het en dit uitvoer - dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hom sal My Vader ook liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar.”

- Ek sal Myself bekendmaak aan hom.
- Wat sal Ek bekendmaak aan hom?
 - My Woord?
 - My wette en reëls?
 - Ja, maar nog baie meer as dit.
 - Ek sal Myself aan hom bekendmaak.

Kom ons som dit net gou ‘n bietjie op:

- Om ‘n christen te wees, beteken om in ‘n persoonlike liefdesverhouding met God te staan.
- Dit beteken dat die Here by my kom woon.
- Dat ek Hom daarom elke dag persoonlik beter leer ken.
- En die wonderlikste van alles: dat Hy Homself dag vir dag aan My openbaar.
 - Homself bekendmaak.

NOU DIE PROBLEEM:

Dit beteken: As die Here Hom nie dag vir dag aan my bekendmaak nie..

- Dan ken ek Hom nog nie persoonlik nie
- OF: ek sien nie raak hoe Hy Hom openbaar nie.

Luister ‘n bietjie wat skryf Dawid in Psalm 115:4-8

Hy praat van die afgode:

*“Wat hulle het, is afgode, van silwer en goud,
die werk van mensehande.
‘N Mond het hulle, maar praat kan hulle nie;
oë het hulle, maar sien kan hulle nie;
ore het hulle, maar hoor kan hulle nie;
‘n neus het hulle, maar ruik kan hulle nie.
Hulle hande, daarmee kan hulle nie voel nie,
hulle voete, daarmee kan hulle nie loop nie;
Daar kom geen geluid uit hulle keel nie,
Wie hulle maak en op hulle vertrou,
sal net soos hulle word.”*

Weet julle wat sê Dawid:

- Hy sê: As jou God nie kan praat nie
- en as Hy nie kan sien nie
- en as Hy nie aan jou raak nie
- en as Hy nie hoor wat jy vir Hom sê nie

Dan aanbid jy heel moontlik ‘n dooie god.

- ‘n afgod
- ‘n mensgemaakte god.

Want die regte God...

- Die God van die Bybel
- Die God wat Mars geskap het
- Die God wat Sy Seun laat sterf het aan 'n kruis..

Is 'n persoonlike God wat...

- ...praat
- en hoor...
- en mense aanraak...
- wat selfs ruik...
- en woorde uit Sy mond laat kom.

Wanneer laas het jy vir God gehoor praat?

Wanneer laas het Hy iets vir jou gesê?

Wanneer laas het jy Sy stem gehoor?

- Of is die God wat jy aanbid doof?
- en stom?
- en blind?
- en stil?
- en meeste van die tyd afwesig.

In die Ou Testament het God op baie maniere gepraat:

- deur die skepping
- deur engele
- deur profete
- deur drome
- deur visioene
- deur loting
- deur urim en tummim
- deur 'n fluistering in die windstilte
- deur vuur
- deur 'n brandende bos
- deur prediking
- deur oordele
- deur simboliese optredes
- deur tekens
- wonderweke
- skrif aan die muur
- donkie
- ramshoring
- donderslae en weerlig
- vlieswol
- geritsel in die melkbosse
- van aangesig tot aangesig
- persoonlike leiding

Net so het Hy in die Nuwe Testament op talle maniere met mense gepraat.

Maar regdeur die Bybel het Hy met mense gepraat.

- Regdeur die Bybel kon Sy kinders Sy stem hoor.
- Want Hy is 'n lewende God.
- Hy is 'n persoonlike God.

Vir baie mense was Woensdagaand 'n groot natuurwonder.

- En dit was beslis.

Vir ander het dit iets gesê van God.

- Van Sy grootheid.
- Van Sy almag.

Maar vir die wat in 'n persoonlike verhouding met Hom staan - was Woensdagaand meer as dit.

- Meer as 'n natuurwonder.
- Meer as 'n stuk verwondering.
- Dit was God se stem.
 - In die natuur het Hy gepraat.
 - Uit die hemelruim het Hy met my persoonlik gepraat.

Vir sommige was die liedere vanoggend net mooi liedere.

- Vir ander het dit iets gesê van God.
- En vir party: was dit 'n ontmoeting met God self.

Vir party kinders is sondagskool net 'n pyn...tydmors

Vir ander is dit oraait: want hulle leer darem iets oor God. (Lees so bietjie in Sy biografie)

En vir 'n klein groepie kinders is Sondagskool baie meer as dit.

- Dis 'n ontmoeting met God.
- 'n Manier hoe die God van hemel en aarde Hom openbaar aan my.

Hoor jy nog God se stem as Hy met jou praat?

- Is jy gretig om te hoor?
- Is dit vir jou lekker om Hom te hoor?

Ons gaan in die volgende paar weke stilstaan by die tema: Hoor God se stem.

Mag die Here ons in hierdie paar weke lei tot 'n nuwe ontmoeting met Hom.

- Om Hom persoonlik te ontmoet.
- Om Sy stem duidelik, hoorbaar te hoor.
- Om om Sy aanraking te voel en te erken.
- Om Sy majesteit te sien.

Ten slotte:

[Psalm 23: Ek ken die Psalm, Sy ken die Herder]